

16 April

Skrifgedeelte: Romeine 15:1-13

Fokusgedeelte: Romeine 15:7

Verskille tussen gelowiges is nie die einde nie!

Ons as kerk, maar ook as individuele gelowiges, het nog nie die volmaakte bereik nie. Ons is steeds onderworpe aan die gebrokenheid van hierdie wêreld wat onder andere tot openbaring kom in verskille tussen gelowiges. In die tyd van Paulus was dit ook 'n werklikheid in die kerk van Rome.

Hoe gemaak met verskille tussen gelowiges? Paulus skryf in vers 1 dat "op die wat sterk is, rus die verpligting om die swakhede te dra van die wat nie sterk is nie". Nou gaan dit nie oor wie "sterk" en wie "swak" is nie, maar oor die handelwyse wat deur God voorgeskryf word wanneer daar verskille onder gelowiges is. Die woord wat die handelwyse in hierdie vers beskryf, is "dra" met die betekenis van "om op te tel met die doel om te dra, iets op jouself te laai". Op elke gelowige rus dus die verpligting om op hierdie manier met medegelowiges om te gaan, ook in verskille. Geen "rugdraai" nie, maar "naderstaan" om aan swakhede te help dra.

Die rede? Vers 7: "Neem daarom mekaar aan, soos Christus julle aangeneem het, tot heerlikheid van God".

Christus het nie voorwaardes gestel toe Hy aan die kruis vir ons gesterf het nie. Hy het ons sy eiendom gemaak ongeag ons gebreke, swakhede en tekortkominge. Daarom is dit die pad wat ons met mekaar moet loop tot verheerliking van God.

Uiteindelik gaan dit immers nie oor ons nie, maar oor God wat die verandering in mense se lewens bring, dit selfs moontlik maak dat hulle ongeag verskille mekaar waarlik lief kan hê en Hom in eenheid kan loof en prys.

Sing: Psalm 149:1

Ds HJP de Beer (Pretoria-Meintjieskop)